

Radio-opname,
4/2/70
Uitsending 9/2/70

20 min
Tyd toe-
geelaat - 25
min

DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD

DEUR DIE VOORSITTER, PROF. H.B. THOM

(Vir die Afrikaanse Program Rekenskap)

191.Pa.1(24)

Vraag: Na die instelling van die Nasionale Onderwysraad het 'n mens baie keer vrae gehoor soos: Wat is die Nasionale Onderwysraad? Wat is presies die werk van die Raad? En hoe gaan hy te werk?

Sulke vrae is aan my gestel kort nadat die Nasionale Onderwysraad verlede jaar as 'n statutêre liggaam in die lewe geroep is; en sulke vrae word selfs ook nog vandag gestel. Die vraestellers is in die reël egte, belangstellende welmenendes, en nie negatiewe kritici nie; en die vraestellers is ook nie altyd onkundiges nie.

'n Mens kan natuurlik sê dat daar geen rede vir sulke vrae is nie, want toe die betreffende wetsontwerp verlede jaar in die Parlement ter sprake was, is daar in vrywel ál ons koerante heelwat prominensie daaraan verleen. Ons weet egter dat parlementêre verslae nie altyd die mees gelese rubrieke in koerante is nie; en ons weet ook dat 'n aangeleentheid soos die onderwys, wat selde in die kader van dramatiese gebeure val, nie maklik algemene aktiewe geesdrif by mense wek nie. Hierby moet ons nog in gedagte hou dat die werk van die Nasionale Onderwysraad van so 'n aard is dat dit meerendeels nie onder die openbare aandag kom nie. Die gebrek aan inligting wat ons by sommige mense aantref, is dus nie vreemd nie.

Laat ek egter dadelik sê dat ek vrae soos die wat genoem is, verwelkom want dit toon belangstelling, en belangstelling - as dit reg gekanaliseer en behoorlik gebruik word - kan 'n groot positiewe bate wees.

(Vervolgens meer spesifieke vrae.)

Vraag: Hoe het die N.O.R. ontstaan?

Die Nasionale Onderwysraad het ontstaan as 'n uitvloeisel van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967, ~~die~~ ^{di} Wet 39 van 1967, soos gewysig deur Wet 73 van 1969.

Ooreenkomstig die Suid-Afrika-Wet van 1909, waardeur die Unie van Suid-Afrika in die lewe geroep is, was die onderwys, uitgenome hoër onderwys, 'n bevoegdheid van die Provinsies. Hierdie bedeling het voortbestaan tot

28 Desember 1962, toe die Nasionale Adviserende Onderwysraad gestig is wat, na oorlegpleging met die provinsiale en ander onderwysowerhede, die Minister van advies rakende onderwysaangeleenthede moes dien. Die groot doel was om, met die samewerking van die Provinsies en ander onderwysowerhede, die vernaamste aspekte van onderwysbeginsels en onderwyspraktyk dwarsdeur ons land te koördineer, om eventueel aldus 'n ware nasionale onderwysbeleid te verkry.

Die Nasionale Adviserende Onderwysraad het onder moeilike omstandighede belangrike vordering gemaak om die onderwysontwikkeling in ons land in hierdie rigting te laat gaan. Dit is dan ook aan sy advies te danke dat die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967, deur die Parlement aangeneem is, waardeur o.a. sekere beginsels neergelê is wat in die onderwys in ons skole toegepas moet word.

Gedurende die tweede helfte van 1968 het egter 'n deurtastende ondersoek plaasgevind na die opleiding van blanke persone as onderwysers. Dit is uitgevoer deur 'n Kommissie onder voorsitterskap van dr. J.S. Gericke. Hierdie Kommissie het die aandag gevestig op vername aspekte van die kwessie van onderwysersopleiding aan kolleges en universiteite, as 'n onderdeel van 'n doeltreffende nasionale onderwysbeleid. Die verslag van die Kommissie het daartoe gelei dat die Regering wetgewing ingedien het om die wet van 1967 te wysig, en aldus het dan die jongste wetgewende maatreel ontstaan, t.w. Wet 73 van 1969.

Die vernaamste gevolge van hierdie maatreel was dat die Nasionale Adviserende Onderwysraad afgeskaf is, en dat in sy plek gekom het die Nasionale Onderwysraad, wat die werk van die ou Raad voortsit en bowendien met nuwe of addisionele bevoegdhede beklee word. Op 4 Julie 1969 het die Staatspresident in die Staatskoerant aangekondig dat die nuwe bedeling op 1 Augustus in werking tree; en op 18 Julie het die Minister van Nasionale Opvoeding die name van die lede van die Nasionale Onderwysraad in die Staatskoerant bekendgemaak.

Die bet. dat die nuwe bedeling vanaf 1 Aug. 1969 bestaan, en dat die Nasionale Onderwysraad van die datum af in funksie is.

Vraag: Kan u iets meedeel oor die vernaamste werksaamhede van die Raad?

Soos sy onmiddellike voorganger, die Nasionale Adviserende Onderwysraad, het die huidige Raad al gou uitgevind dat hy geen maklike taak het nie.

Die gebied van die onderwys, waaroor die Raad die Minister moet adviseer, is so uitgestrek dat dit baie tyd en aandag en moeite kos om ^{hierdie groot gebied} dit behoorlik te beheers. Die onderhawige probleme is ook so uiteenlopend dat dit uiters moeilik word om ^{elk} met gesag daaroor te oordeel. Omstandighede in verskillende dele van ons land is dikwels ook s^o verskillend dat 'n mens gou vind dat 'n advies wat jy vir 'n bepaalde landsdeel (en die mense daarvan) gee, nie vir 'n ander deel (en die betrokke mense) deug nie. En dan ook is die onderwys nou eenmaal 'n terrein waarop daar inderwaarheid baie "deskundiges" is - ek sê "deskundiges" hier as't ware tussen aanhalingstekens, want terwyl sommige wel ware deskundiges is, is baie ook maar vermeende of gewaande deskundiges of, soos Langenhoven 'n keer gesê het, "sommer opregte skoolperdedokters"!

Ondanks al sulke probleme het die Nasionale Onderwysraad sy taak met erns en toewyding aangedurf. Hy is besig met die moeilike vraagstuk van gedifferensieerde onderwys en voorligting: Hoe moet dit bewerkstellig word dat leerlinge, ooreenkomstig hulle natuurlike aanleg en bekwaamheid, in sekere vakrigtinge gestuur word waar hulle na die beste van hulle vermoë sal kan presteer en terselfdertyd op die doeltreffendste wyse in besondere en wydvertakte behoeftes van ons land sal voorsien? In hierdie verband word ook aan die vereistes van kandidate vir universiteitstoelating gedink: Waarom moet 'n Matriekleerling, wat uitstekend - miskien selfs geniaal - in 'n paar vakke presteer, van graadstudie aan die universiteit uitgesluit word omdat hy slegs in een of twee ander vakke nie die vereiste peil bereik nie? Die Gemeenskaplike Matriekulasieraad is in hierdie verband die statutêre liggaam wat in die eerste instansie met die saak gemoeid is, en ons is ook dankbaar om te weet dat die G.M.R. ernstige aandag daaraan wy. Maar dit lê ook op die terrein van die Nasionale Onderwysraad, en daar sal vanselfsprekend noue oorlegpleging tussen hierdie twee liggame moet wees.

Vraag: In verband met dit alles is die kwessie van die opleiding van onderwysers seker ook van baie belang?

Die Onderwysraad hou hom inderdaad tans ernstig besig met die hele kwessie van onderwysersopleiding en sertifikaatuitreiking. Onderwysers word op die oomblik by 'n verskeidenheid van inrigtings, soos universiteite,

opleidingskolleges vir onderwysers, en kolleges vir tegniese onderwys, opgelei, en daar word in ons land vandag in werklikheid oor die honderd verskillende onderwyssertifikate uitgereik. Weliswaar stem die inhoud en strekking van sommige baie ooreen, maar dis duidelik dat daar 'n groot verskeidenheid bestaan, en dat dit noodsaaklik is dat daar in die toekoms 'n duideliker patroon en meer eenvormigheid sal moet kom. 'n Belangrike begin is reeds in hierdie verband gemaak toe, op advies van die Nasionale Adviserende Onderwysraad, van owerheidsweë die beleid aanvaar is dat die opleiding van onderwysers vir sekondêre onderwys net aan universiteite sal geskied. Baie voorbereidingswerk sal wel nog in verband hiermee gedoen moet word, maar die Nasionale Onderwysraad het reeds onderhandelinge aangeknoop, o.a. met die Komitee van Universiteitshoofde, en ons vertrou dat die neergelegde beleid met verloop van tyd uitgevoer sal word.

Die Onderwysraad is verder besig om vir die Minister adviese op te stel waarvolgens ons onderwys, ooreenkomstig die vereistes van die wet, op sekere beginsels gebaseer sal wees. Die beginsel van bv. moedertaalonderwys, moet duidelik gestel en geformuleer word; daar moet eenvormigheid kom ten aansien van die vereistes van skoolplig en die grense van skoolpligtige leeftyd; vrye onderwys vir kinders van ouers, wat in die Republiek woon of Suid-Afrikaanse burgers is, moet duidelik gestel en omlin word; en die koördinering van leerplanne sal deurgevoer moet word, sodat ons ook wat die inhoud van leerplanne betref, 'n ware nasionale beleid sal hê.

'n Ander baie belangrike aangeleentheid wat die aandag van die Raad opeis, is die kwessie van ruimer belangstelling in die onderwys, en veral die plek van die ouergemeenskap in ons onderwyspatroon. Wat hierdie saak aangaan, is dinge in ons land vandag nog glad nie plus nie. Suid-Afrikaners sê deur die bank dat hulle ten seerste belangstel in die onderwys van hulle kinders, en dat die onderwys een van die allerbelangrikste terreine van ons nasionale lewe is. Maar aan die ander kant kom dit meermale voor dat, ^{bv.} wanneer stemgeregtigde ouers byeengeroep word om lede van 'n skoolkomitee te kies, daar slegs 'n handjievol opdaag. En 'n hoof van 'n redelike groot skool het selfs die ondervinding gehad dat hy, nadat hy baie moeite gedoen het om ouers bymekaar te bring om 'n ouersvereniging vir die skool te stig, slegs sewe ouers voor hom gehad het.

Die Nasionale Onderwysraad het ook die taak om die Minister van advies te dien in verband met versoeke, voorstelle en konsep-ordonnansies rakende die onderwys, wat die Minister van die Provinsiale owerhede ontvang. Vir die Raad is dit 'n moeilike plig, maar dit is 'n belangrike en noodsaaklike plig, want die verwesenliking van 'n doeltreffende nasionale onderwysbeleid vir ons hele land, vereis begryplikerwyse dat hierdie plig met begrip en nougesetheid uitgevoer sal word.

Daar is nog 'n menigte ander sake waarmee die Onderwysraad hom besig hou, maar ons het nie die tyd om nou verder hierop in te gaan nie! Ek glo egter dat die punte wat ek reeds genoem het, 'n redelike aanduiding sal gee van die werk wat gedoen word.

Vraag: Kan u vir ons ook kortliks iets omtrent die werkmethode van die Raad vertel?

Die Raad bestaan uit altesame 29 lede, onder wie daar persone is wat benoem is uit die Provinsiale Onderwysdepartemente, die Departement van Hoër Onderwys, Fakulteite van Opvoedkunde van Universiteite, Afrikaanse en Engelssprekende onderwysersvereniginge, inrigtings vir tegniese en beroeps-
onderwys, en dan ook hoogstens drie ander lede wat die Minister volgens eie goeddunke aanstel. Die Raad vergader ~~driemaal per jaar~~ *normaalweg elke vier maande*, maar kan ook buitengewone vergadering hou wanneer dit nodig word.

'n Mens sal egter besef dat, waar die onderwys so 'n ruim veld dek en die Minister dikwels oor dringende, aktuele sake geadviseer moet word, dit onmoontlik is om altyd op besluite van die volle Raad te wag. Om in hierdie verband voorsiening te maak en ook 'n vlotte dag-tot-dag werking te verseker, bestaan daar 'n Uitvoerende Komitee wat uit die Voorsitter en ses ander lede van die Raad saamgestel is. Die Uitvoerende Komitee vergader dikwels, elke week of miskien gemiddeld elke tien dae. Die verrigtinge van die Uitvoerende Komitee verloop by wyse van individuele vergaderings, wat miskien 'n dag lank duur, of voortgesette vergaderings wat miskien 'n paar dae aanhou. Dit sal maklik verstaan word dat moeilike, kontensieuse vraagstukke meermale geduldige, langdurige ondersoek en oorweging vereis voordat of die Uitvoerende Komitee of die volle Raad sy advies na die Minister kan stuur.

Om sy werk op die administratiewe vlak behoorlik te laat vlot, het die Nasionale Onderwysraad tot sy beskikking die personeel van die Afdeling

Nasionale Onderwys. Die hoof van hierdie Afdeling en sy personeel hanteer alle inkomende en uitgaande stukke en dra ook sorg dat alle sakelyste, bylaes, verslae en korrespondensie betyds in gereedheid gebring word.

Soos met enige organisasie, wat baie na buitentoe werk en met 'n menigte persone en instansies te doen het, is dit ook vir die Nasionale Onderwysraad van belang dat hy oor 'n doeltreffende administratiewe masjinerie moet beskik, *wat hy dan ook moet hê.*

Vraag: Wat is, kort saamgevat, die vernaamste betekenis en waarde van die Nasionale Onderwysraad?

Die betekenis en waarde van die Raad het al grotendeels geblyk uit wat gesê is, en dus volstaan ek met 'n paar volsinne.

In Suid-Afrika het daar deur baie jare heen 'n proses van versnippering in ons onderwys ingetree, waardeur ons hele land skade gely het. Ons kon nie met lede oë aanskou dat hierdie proses voortgaan nie. Die Regering en die Parlement het dan ook belangrike stappe gedoen om dit tot stilstand te bring, en, in plaas van versnippering, geleidelik koördinasie teweeg te bring. Die Nasionale Onderwysraad is die vernaamste statutêre liggaam wat in die lewe geroep is om die Regering te help om hierdie koördinasie te bewerkstellig.

Toe die betrokke wetgewing verlede jaar in die Parlement in die finale stadium bespreek is, het die destydse Minister van Nasionale Opvoeding, Sen. Jan de Klerk, o.a. gesê: "Die hele sirkel van 'n nasionale patroon van onderwys is met hierdie wetgewing voltooi. Dit is vir die blanke bevolkingsgroepe in Suid-Afrika 'n voorreg om nou te deel in die volle sin en smaak van 'n nasionale patroon van onderwys".

in Britse later
Kort daarna het een van ons vooraanstaande koerante 'n inleidingsartikel geopen met die sin: "Met die aanstelling van die Nasionale Onderwysraad word 'n nuwe tydvak in ons onderwys betree wat groot moontlikhede inhou".
van die koerant
Die Redakteur het dieselfde artikel afgesluit met die woorde: "Die doel van die wetgewing is 'n nasionale onderwysstelsel wat met die behoeftes van Suid-Afrika tred hou. Die onderwys van ons jeug kan met gerustheid aan die lede van die Onderwysraad toevertrou word. Ons het vertrou dat die Onderwysraad vir sy grootse taak opgewasse sal wees, dat hy steeds die beste kragte vir die groot taak sal saamsnoer, en dat die nuwe bedeling tot heil van ons land sal wees".

vanse bespreking

Die Nasionale Onderwysraad stel sulke bemoedigende woorde ^{baie} op prys. Eweneens stel hy op prys al die goeie wense wat hy van verskillende ander kante ontvang het. Hy sal sy bes doen om die taak waartoe hy hom met erns verbind het, na die beste van sy vermoë voort te sit.

Ek kan nie nalaat nie om my hoë waardering uit te spreek vir die werk wat ons onmiddellike voorganger, die Nasionale Adviserende Onderwysraad, vóór ons gedoen het; en ook my hoë waardering vir die wyse waarop my medeledes en ons administratiewe personeel tans hulle taak uitvoer.

As ek ten slotte 'n woord mag laat hoor om 'n bietjie tot versigtigheid te maan, sal dit dit wees: Moenie verwag dat alles ineens reggemaak sal word nie; moenie verwag dat 'n rewolusie teruggebring sal word nie. Die weg wat ons volg, is van 'n ander aard: Ons bedien ons van samespreking en oorlegging ^{tussen betrokke persone en instansies}, en beoog geleidelike vordering; ons wil 'n ewolusie hê, en nie 'n rewolusie nie.

Ons publiek moet ook beseft dat alles wat in die verlede van ons onderwys lê, nie noodwendig sleg is nie; ^{ek vind in my eie hart toe} intendeel, daar is in die verlede veel wat goed is. Dit is ons taak om uit die foute van die verlede te leer, en om daardie foute in die toekoms te vermy; maar dit is eweseer ons taak om die goeie in die verlede raak te sien, en om vir die toekoms daarop te bou.

Stegs so kan ons 'n ware nasionale onderwysstelsel kry wat in elke sin van die woord 'n Suid-Afrikaans is, en wat Suid-Afrika en sy wense met die meeste mag sal dien.
